# Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

**<u>Sondag 18/6</u>**

**VADERSDAG**

**NASIONALE DAG VIR BLINDES**

09:30 Erediens

Deuroffer: Rotariër—Huis

Diensbeurt: De Kuil

**<u>Sondag 25/6</u>**

09:30 Erediens

Deuroffer: Gemeente Hulpfonds







## Groot ontnugtering: 'n dominees vind genade

Ek het die week die onderstaande stuk tot nadenke by 'n gemeentelid gekry. Ek het dit gelees in oorleg met twee boeke wat ek tans lees, die een se naam is Toxic Charity deur RD Lupton en die ander is The Tech-wise Family deur Andy Crouch. Beide die boeke trek sterk lyne na hoe ons leef in gemeenskap met mekaar, vanaf 'n familie tot 'n geloofsfamilie. Die onderstaande stuk het dus vir my so goed ingepas om die klein, dingetjies wat soms onnadenkend gebeur tog ag op te slaan. Ons getuienis begin in ons huis en kring vandaar af verder uit. Lees gerus die volgende stuk en dink aan hoe jy jou geloof leef.

'n Paar jaar gelede het 'n predikant van die platteland 'n beroep na die stad aanvaar.

Een spesifieke dag moes hy per bus na die middestad gaan. Nadat hy vir sy kaartjie betaal het, en 'n sitplek gekry het, het hy gesien dat die busbestuurder hom 50c te veel kleingeld gegee het. Hy het gewik en geweeg. Sal hy dit nou terug gee of nie? Dis net 50c! Hy het 'n bietjie daaroor nagedink en besluit om die 50c terug te gee.

Toe die bus stop, het hy vorentoe geloop en voordat hy uitklim die 50c vir die bestuurder terug gegee.

Die bestuurder het opgekyk en gevra: "Is u nie die nuwe dominee van die platteland nie?"

| Noemnaam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Ronel | Conradie | 06/16 |
| Daniël | De Kock | 06/16 |
| Juandrè | Delport | 06/16 |
| Gerrie | Hauman | 06/16 |
| Rhuan | Jordaan | 06/17 |
| Gideon | Krause | 06/17 |
| Mariné | Theunissen | 06/17 |
| Alwyn | Van Zyl | 06/17 |
| Henriek | De Wet | 06/18 |
| Lean | De Wet | 06/18 |
| Mornè | Groenewald | 06/18 |
| Vicky | Hugo | 06/18 |
| Francois | Nagel | 06/18 |
| Amanda | Wolfaardt | 06/18 |
| Jani | Crous | 06/19 |
| Nelita | Langenhoven | 06/19 |
| Hanneke | Beukes | 06/20 |
| Wim | Conradie | 06/20 |
| Marlize | De Kock | 06/20 |
| Anneen | Groenewald | 06/20 |
| Riaan | Van Lille | 06/20 |
| Johan | Viljoen | 06/20 |
| Eben | Beukes | 06/21 |
| Lambert | De Wet | 06/21 |
| Reghard | Heyns | 06/21 |
| Louis | Kriel | 06/21 |
| Kitie | Louw | 06/21 |
| Ray | Rademan | 06/21 |
| Nina | Stofberg | 06/21 |
| JD | Otto | 06/22 |
| Elsabé | Van der Merwe | 06/22 |
| Coreen | De Kock | 06/23 |
| Liezel | Kershoff | 06/23 |
| Yolandi | Mitchell | 06/23 |
| Lucas | Robertson | 06/23 |
| Aljoma | Wessels | 06/23 |
| Francois | Badenhorst | 06/24 |
| Stiaan | Du Toit | 06/24 |
| Janneman | Stander | 06/24 |
| Michelle | Stofberg | 06/24 |
| Jane | Bezuidenhout | 06/25 |
| Anine | Du Toit | 06/25 |
| Wessel | Swart | 06/25 |

"Ja" antwoord die dominee verbaas dat iemand hom hier sou ken.

Die busbestuurder sê toe:

"Ek het die laaste ruk baie gewonder oor waar ek kerk toe moet gaan om te aanbid. Ek wou net sien wat u sou doen, as ek u te veel geld gee. Ek sien u Sondag"

Van die bus af, moes die predikant vir 'n oomblik aan die lamppaal vashou.

"O Here!" het hy uitgeroep.

"Ek het amper u Seun vir 50c verkoop!"

**Ons lewens is dikwels die enigste Bybel wat mense ooit sal lees.** Dis skrikwekkend om te weet hoe baie mense ons as kinders van die Here dophou en sonder dat ons weet, ons toets.

Wees dus altyd versigtig oor wat jy sê en wat jy doen.

Onthou: jy dra die Naam van Jesus Christus op jou skouers as jy jouself 'n kind van die Here noem!

*Mooi week vir elkeen met die wete dat Christus ons lei,*

*Dewald*



**Preeknota's**: 18 Junie 2023

**Teks**: Gen. 24 (fokus op Rebekka se antwoord)

**Tema**: My reaksie op God se leiding

Ons het laasweek na die slaaf se twee gebede gekyk.

Een van hulp en een van dank.

Ons het ook die volgende drie punte bespreek:

Waar vind jy jouself? (die slaaf moes gestap het na die regte plek) Die vraag kan ook wees waar is die regte plek vir jou in God se koninkryk?
Kyk jy in die regte rigting? Wanneer daar moeilike uitdagings in jou lewe is – kyk jy na jou Vader?
Doen jy die regte ding?

Pinkstertyd wys ons op die Heilige Gees se leiding en dit gee ons troos om die praktiese lewenstake te verrig.

Vandag bou ons voort op die praktiese lewenstake. Op Vadersdag kan ons as pa's weer sê wat ons glo. Hier kan dit meer persoonlik raak en by die regte ding wat jy moet doen uitkom.

*'n Goeie boek om te lees in die verband is Toxic Charity: How Churches and Charities Hurt Those They Help, deur Robert D. Lupton.*

Wanneer ons verder dink oor Jesus se opdrag om Sy getuies te wees en die boodskap van God se liefde uit te dra, kan ons nie anders as om te vra hoe my lewe dit wys nie. (lees gerus weer die artikel op die voorblad, of dink terug aan ons Pinkster reeks)

Rebekka se voorbeeld is een van leiding deur die Gees. Hoe lees jy dit in die teks?


(Sy kon nie alles op haar beplan nie – sy kon wel liefde leef.)

Deur liefde te leef het sy kamele water gegee – wat is jou opdrag om te leef elke dag?

Deur liefde te leef het sy kalmte gekry om saam met die slaaf te reis – hoe verander liefde jou lewe?

(Deur liefde te leef het sy vir Isak op gelyke voet ontmoet.)

Hul lewe daarna was steeds gevul met uitdagings. 'n Tweeling wat baklei. Siektes. Onsekerhede. Maar hul karakter is gevorm deur God. Hul het dapper geleef.






# NETHERCOURT CALEDON RAPPORTRYERS WINTERDANS

DATUM: Vrydag, 21 Julie 2023
PLEK: Nethercourt Plaas
TYD: 19H00
PRYS: R150 p/persoon



- Bring eie drank en eetgerei. Ete ingesluit.
- Vir besprekings kontak:
  Jaco: 072 244 1173 / Wessel: 083 406 9079
- Kaartjies beskikbaar by Caledon Ford en Electronics Inc.

# SO HOU ONS KONTAK!

Kerkkantoor: 028 212 1202
ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp-nommer:
072 807 3192

Ds. Dewald du Toit:
028 212 1332 /082 940 4901
dutoitdewald@yahoo.com

Ds. Willem Lubbe:
082 718 7298
willemlubbe@hotmail.com

Webblad: ngcaledon.co.za

Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,
NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229
Takkode: 183509

Snap here to pay
SnapScan